SASRIA

# Skade weens stakings, betogings neem skerp toe

Jean-Marie de Waal

Kaapstad. – Die spesiale-risiko-versekeringsmaatskappy Sasria verwag die skade weens stakings en betogings oor swak dienslewering gaan in die toekoms toeneem.

Sasria word deur die regering herverseker, wat beteken die koste van skade weens maatskaplike onrus word uiteindelik deur belastingbetalers gedelg.

Sasria het aanvanklik gemeen verlede jaar se versekeringseise van meer as R200 miljoen weens skade as gevolg van stakings was 'n eenmalige verskynsel.

Mnr. Cédrick Masondo, 'n uitvoerende bestuurder van Sasria, het Vrydag aan die staande komitee vir finansies gesê dié opvatting is verkeerd.

Hy is bekommerd dat veral uitgerekte stakings wat deur geweld gekenmerk word die versekeraar se winsgewendheid in die gedrang gaan bring.

Sasria moes in die apartheidsjare die risiko dra vir skade wat uit politieke onrus gespruit het.

Sy rol het ná die koms van demokrasie verander en hy moet nou pa staan vir "daardie-een-keer-in-200-jaar-gebeurtenis", het me. Karen Pepler, waarnemende bestuurder van Sasria, gesê.

Vir só 'n gebeurtenis moet Sasria minstens R10 miljard vir dekking hê. Tans het hy R3,4 miljard.

Mnr. Mohamed Samie, 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur van Sasria, het aan *Sake24* gesê die geld wat Sasria moet uitbetaal weens byvoorbeeld betogings teen dienslewering, kniehalter sy vermoë om geld op te bou vir 'n werklik "katastrofiese" gebeurtenis, soos 'n 9/11-terreuraanval.

Eise weens arbeidstakings het in 2010-'11 met 70% toegeneem. Dit het in die afgelope boekjaar geklim tot R200 miljoen.

In 2009-'10 het eise as gevolg van stakings minder as R15 miljoen beloop.

Sasria moes verlede jaar vir die eerste keer in dekades groot eise uitbetaal vir skade wat in stakings aangerig is.

## R400 miljoen vir 'slegste-scenario'-optog

Gemiddelde versekeringseise beloop:

- R40 miljoen per jaar vir treine wat aan die brand gesteek word.
- R5 miljoen vir 'n gewone arbeidstaking in die Johannesburgse middestad.
- R45 miljoen vir 'n uitgerekte arbeidstaking (waar misdaad insluip).
- R15 miljoen vir winkeleienaars tydens 'n uitgerekte staking in die Johannesburgse of Kaapstadse middestad.
- R400 miljoen is hoeveel Sasria sal moet uitbetaal vir die "slegste scenario" sou 'n enorme diensleweringsoptog in die Johannesburgse middestad plaasvind.
- R7 miljard om 'n gedeelte van Sandton op te bou ná 'n terreuraanval waarin 'n bom in 'n gebou geplant word.